191. T. 2(53)

LANGENHOVEN-HULDIGING, OUDTSHOORN, 12 AUGUSTUS 1982

Deur Prof. H.B. Thom,

Voorsitter, Langenhoven-Gedenkfonds

Ons staan stil rondom die nagedagtenis van Langenhoven, Cornelis Jakob Langenhoven, of, om die pennename te gebruik wat hy, heel gemoedelik, vir homself gekies het: Stoffel Gieljam, Oom Kerneels, Sagmoedige Neelsie, Neef Kerneels, Neels óu Matriek, Ouboet.

Dit is gepas dat ons dit doen op 12 Augustus, sy geboortedag; dit is gepas dat ons dit doen in 1982, vyftig jaar ná sy dood; en dit is gepas dat ons dit doen op Oudtshoorn, sy ou tuisdorp. Ons is ons bewus van 'n behoefte om hulde aan sy nagedagtenis te bring; en dis 'n behoefte nie net van ons wat hier bymekaar is nie, maar ook van duisende wat oor ons hele land versprei woon.

Vir my en my mede-direkteure van die Langenhoven-Gedenkfonds is dit 'n voorreg om op Oudtshoorn te wees, om aan die huldiging van Langenhoven deel te hê en om ons jaarvergadering en direksievergadering hier te hou. Ons het die verantwoordelikheid om oor die Gedenkfonds te waak en om te help dat die nagedagtenis van Langenhoven eervol in stand gehou word. Ons probeer ons verantwoordelikheid nakom o.a. deur Arbeidsgenot, die treffende ou Langenhoven-woning, 'n lewende kultuurmiddelpunt te maak en te hou, vir almal van ons en veral ook vir geslagte wat kom. Die feit dat ons op hierdie dag by die gemeenskap van Oudtshoorn aansluit, voed by ons die gevoel dat daar meer diepte in ons werk kom: ons skep nie meer vérweg uit die stroom nie; ons

het by die bron self gekom.

Langenhoven was 'n veelsydige, komplekse gees, en dit is nie maklik om die verskeidenheid en volheid van sy geestelike nalatenskap na behore te peil nie. Laat ons 'n poging aanwend deur eers na te gaan in welke hoedanighede hy aktief was.

Vanselfsprekend was hy eers en veral skrywer. Uit sy pen het daar, afgesien van tal van kleiner bydraes, meer as veertig boeke gekom; en onder hulle is vrywel al die genres van ons letterkunde verteenwoordig. Sy essays is welbekend; die rubriek, onder die titel "Aan Stille Waters", wat hy tien jaar lank Maandae in *Die Burger* volgehou het, lewer vir ons treffende voorbeelde hiervan. Sy satires, met 'n vonkeling van humor uit ~~die~~ eie bodem, bv. *Sonde met die Bure*, *Doppers en Filistyne* en *Herrie op die ou tremspoor*, het in hul soort by ons al klassieke geword. Sy kinderverhale, *Brolloks en Bittergal* en *Die Krismiskinders*, voorsien in 'n wesenlike behoefte van die verbeeldingryke kindergemoed. Sy spookverhale, *Geeste op aarde* en *Die wandelende geraamte*, is veel meer as blote "spookstories", o.a. omdat hulle, naas die bonatuurlike element, ook 'n sterk rasionele element bevat. En so is daar nog werke in verskeie ander literêre vorme, klugte, didaktiese poësie en die gevoelvolle wiegeliedjie, maar dis nie nodig om elkeen verder te illustreer nie.

Die rykdom en veelsydigheid van Langenhoven se letterkundige nalatenskap sal seker nie maklik geëwenaar word nie. 'n Mens kry 'n indruk daarvan wanneer jy na die imponerende sestien dele van sy *Versamelde Werke* kyk, met name die uitgawe wat in 1973 die lig gesien het,

na aanleiding van die Langenhoven-eeufees wat landswyd gevier is en in die naweek van 11 - 12 Augustus 1973 op Oudtshoorn sy hoogtepunt bereik het. 'n Skatkamer van praktiese wysheid en bron van geestelike genot soos die Versamelde Werke is, moet in enige literatuur as 'n seldsaamheid aangemerk word.

Daar is twee ander hoedanighede waarin Langenhoven bedrywig was, wel nie so opvallend en dramaties soos dié as skrywer nie, maar hulle is gespesialiseerd en in sy lewe betekenisvol, t.w. Langenhoven as man van die regte, en Langenhoven as man van die politiek.

Ná suksesvolle skooljare het hy na Stellenbosch gegaan, waar hy mettertyd die B.A.-graad verwerf het. Nou het hy 'n geestelike grondslag gehad waarop hy kon voortbou, veral vir die regsloopbaan waartoe hy hom aangetrokke gevoel het. As ingeskrewe klerk by 'n prokureursfirma op Ladismith wy hy hom ywerig aan die praktiese voorbereiding vir sy toekomstige beroep, maar terselfdertyd is hy hom bewus - iets wat kenmerkend van hom was - van 'n behoefte aan ruimer kennis; en dus studeer hy privaat vir 'n tweede graad, die regsgraad LL.B., wat dan ook in 1899 deur die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop aan hom toegeken word.

Daarna vestig hy hom as prokureur op Oudtshoorn, waar hy weldra as 'n skerpsinnige, hulpvaardige regspraktisyn bekend staan. Tien jaar lank adviseer hy mense en instansies in moeilike vraagstukke, tree hy in 'n verskeidenheid van regsgedinge op, en verwerf hy aansien veral as kenner van probleme in verband met watersake. Wat daar in laasgenoemde verband van hom gekom

het, by uitstek menings en adviese, is deur regsgeleerdes noulettend bestudeer; en selfs tot vandag toe word soms nog daarna verwys. In die lig van sy opleiding en ervaring as regspraktisyn is dit verstaanbaar dat aspekte van regsake meermale in sy letterkundige werk opduik, soms op verfrissende, humoristiese wyse, soos bv. in "Die Tweetalige Vonnis", daardie welbekende toneel uit die dae van die ou Kaaplandse Rondgaande Hof.

Hy was ook man van die politiek. Nadat hy in 1912 redakteur van die Oudtshoornse koerant Het Zuid-Westen geword het, het hy op intensiewe wyse met die sake van sy gemeenskap te doen gekry, en is hy weldra tot so 'n mate as leier erken dat hy in 1914 onbestrede as lid van die Provinsiale Raad verkies is. Het hy hiermee die eerste sporte op die politieke leer geklim, dan het hy spoedig verder gegaan: in 1920 word hy volksraadslid; die volgende jaar senator, in welke hoedanigheid hy meer as elf jaar dien; en ondertussen was hy ook voorsitter van die Hoofraad van die Kaaplandse Nasionale Party.

Na my mening het Langenhoven as politikus nog nie die aandag en erkenning ontvang wat hy verdien nie. 'n Mens kan dit begryp, want hy was 'n beskeie mens wat op die politieke terrein in die stilte gewerk het en sy eie aandeel aan sake, al was dit ook van buitengewone belang, nooit aan die groot klok gehang het nie. Laat ons net twee voorbeelde ter illustrasie aanhaal.

Toe die vlagstryd in die jare 1926 - 1928 so 'n hoogtepunt bereik het dat sommige mense selfs al van burgeroorlog begin praat het, is daar op 19 Oktober 1927 onder voorsitterskap van adv. H.A. Fagan in Kaapstad 'n geesdriftige vergadering gehou, wat deur

duisende bygewoon is en waarop kol. Creswell, dr. Malan en Langenhoven die woord gevoer het. Die volgende dag verskyn daar in Die Burger uitvoerige verslae van die toesprake van kol. Creswell en dr. Malan, maar niks oor Langenhoven nie. Die Burger se verslaggewer sê: "Volgens 'n verstandhouding met die Senator, rapporteer ons hom nooit, sodat sy toespraak ongelukkig nie kan verskyn nie."

Die tweede voorbeeld: Die stryd in verband met die verkiesing van 1929 was al goed op dreef toe genl. Smuts op 17 Januarie van dié jaar 'n opspraakwekkende toespraak op Ermelo hou waarin hy sy toekomsdroom vir Afrika - veral Suider-Afrika - gee: 'n groot aaneengeslote Dominium van Britse state, wat dwarsoor die kontinent strek en waarvan Suid-Afrika deel uitmaak. Genl. Hertzog, destyds Eerste Minister, was erg ontsteld, omdat so 'n ontwikkeling volgens hom die ondergang van die blanke in Suid-Afrika sou beteken. Hy het na 'n teenvoeter gesoek, 'n oortuigende betoog, wat op die regte tydstip openbaar gemaak kon word. Na wik en weeg, het hy die taak aan Langenhoven opgedra, en die resultaat was 'n geskiedkundige dokument, wat in ons geskiedenis as die "Swart Manifes" bekend geword het, en wat gehelp het om genl. Hertzog in 1929 met aansienlik versterkte meerderheid na die Volksraad terug te bring.

Die handtekeninge van genl. Hertzog, dr. Malan en mnr. Tielman Roos het onder die Manifes verskyn, maar dit was die werk van Langenhoven; weer het hy verkies om homself op die agtergrond te hou. Ek meen stellig dat dit goed sal wees as 'n onderlegde navorser gevind kan word om 'n werk aan te pak oor die onderwerp: Langenhoven as man van die politiek; ons het behoefte daaraan,

en daar sal seker belangwekkende uitkomste wees.

Ons sou 'n leemte laat as ons nie ook na Langenhoven as redenaar verwys nie. Dit was my voorreg om, eers as student en later as jong dosent, op Stellenbosch 'n paar keer na hom te luister, en ek kan met vrymoedigheid sê dat ek nog nie weer iemand teengekom het wat 'n gehoor kon boei soos hy nie. Hy het wel nie die verhoogpersoonlikheid, die sonore stem, die lewenserns van dr. Malan gehad nie, nie die sprankelende optrede van Tielman Roos nie, en nie die vernietigende oorredingsvermoë van dr. Verwoerd nie. Maar hy het iets gehad wat ander nie gehad het nie; 'n mens weet nie presies wat dit was nie; dit was miskien maar net dat hy Langenhoven was, en dat daar niemand was soos hy nie. In sy optrede kon hy die een oomblik skamerig bedeesd wees, dan weer kinderlik gevoelvol, dan weer verbluffend oorspronklik, of skokkend realisties, of vernietigend satiries, of ook aangrypend heroïes - en dit alles met 'n stem wat nie baie sterk was nie, effens krakerig, seker nie wat 'n mens 'n welklinkende redenaarstem sou kon noem nie.

Miskien het sy krag veral daarin gelê dat hy so verrassend oorspronklik was, en met 'n natuurlike stem mense dwarsdeur 'n toespraak kon boei, soos jare gelede voor die Unie-Debatsvereniging, sy ou vereniging, op Stellenbosch. Die voorsitter het hom verwelkom en aan die woord gestel. Hy begin met die eenvoudige vraag, wat hy met nadruk stel: "Wat is daar om die draai?" Dan bly hy stil en kyk stip na die deur; almal kyk om en wag in spanning. Dit was egter figuurlik bedoel, 'n verwysing na die toekoms, maar nou kon hy praat want hy het almal se aandag gehad, en hy het dit vasgehou, tot by die oorverdowende applous

aan die einde.

Die alles oorheersende, oorkoepelende hoedanigheid waarin hy werksaam was, is en bly steeds: Langenhoven as Afrikaner-kultuurmens. Sy hele lewe was hierop toegespits; sy optrede op al die belangrike terreine van sy lewe getuig hiervan. Die merkwaardige is dat hy hom seker dikwels glad nie eers hiervan bewus was nie. Maar hierin lê juis die waarmerk van die egte kultuurmens: dat hy nie noodwendig bewustelik uitgaan om aan sy kenmerkende nasionale geestesbesit diens te lewer nie, maar dat sodanige dienslewering dikwels die onbewuste, onweerstaanbare eis van sy hele bestaan is. Só was dit met Langenhoven: dit was vir hom net vanselfsprekend dat hy as Afrikaner geleef, gewerk en sy bydraes gelewer het; dit was vir hom ondenkbaar dat dit anders kon wees.

Met sy letterkundige nalatenskap het hy vir ons een van ons allergrootste kultuurskatte gegee, want dit laat ons ons mense, ons gemeenskap, sien soos niks ander dit kan doen nie. Dit beteken nie dat hy maar ja-broer is wat goedpraat alles wat tot die Afrikaner behoort nie; inteendeel, hy is ook kritikus, wat met skerpe oog en rake woord met sy eie mense kan spot, wel nooit venynig nie maar só dat mense kan lag en terselfdertyd tot nadenke gebring word. Hy het by ons tuisgebring die groot waarheid wat sy tydgenoot, wyle prof. G.G. Cillié van Stellenbosch, ook vir ons as studente 'n paar keer beklemtoon het: 'n mens moet die vermoë om vir jouself te lag, nooit verloor nie! Daar is mense wat vandag graag vra: Wat is 'n Afrikaner? En daar is mense wat geleerde simposia hieroor hou. My raad is: Doen maar minder moeite met die teoretiese bespiegelinge; en lees

Langenhoven!

'n Verdere sy van Langenhoven as Afrikaner-kultuurmens moet aangestip word. Suid-Afrika is 'n land met baie tale, daaronder twee amptelike tale, die tale van die twee groot blanke bevolkingsgroepe. Aan Afrikanerkant word dikwels beklemtoon dat die handhawing van die Afrikaner se kultuurgoedere geen vyandigheid teenoor ander, veral Engelssprekendes, impliseer nie. Langenhoven het dit op sprekende wyse bewaarheid; en wat dit werklik merkwaardig maak, is dat hy in 'n tyd geskryf het toe rassegevoelens baie hoog geloop het. Die oorlog tussen Boer en Brit, met al die aangrypende ellende daarvan, was nog vars in die geheue; genl. Hertzog het gekom met die leuse Suid-Afrika Eerste, en 'n politieke omwenteling het gevolg; die Rebellie, ongelukkige verset van 'n aantal desperate manne, het konfrontasie gebring; die politieke stryd is grotendeels op rasse- en taalgrondslag gevoer. Desondanks vind ons by Langenhoven geen vyandigheid teenoor die taal en kultuur van Engelssprekendes nie. Weliswaar kon hy heerlik met eienaardighede van Engelssprekendes en die Engelse taal die draak steek, maar daar was by hom in werklikheid geen venyn nie; en hy het dit trouens net so heerlik met sy eie mense gedoen. As kultuurmens was hy egte Afrikaner, maar gebalanseerde Afrikaner wat vir homself nie 'n monopolie op Suid-Afrika opgeëis het nie.

Die genoemde hoedanighede waarin Langenhoven bedrywig was, bied vir ons die nodige verheldering wanneer ons oor hom en sy betekenis praat. Dit is veral verhelderend wanneer ons nou by die redes kom waarom mense nog altyd die behoefte voel om sy nagedagtenis te eer.

Die eerste rede spreek reeds regstreeks uit die voorgaande: die enorme totaal of omvang van sy bydraes op die genoemde terreine. Hy was nie die man wat hom soos 'n kluisenaar van sy gemeenskap, die gemeenskap van Oudtshoorn of die groot gemeenskap van Afrikaanssprekendes, afgesluit het nie, en eweneens nie van die groot omvattende maatskappy van Suid-Afrika nie. Inteendeel, hy het midde in die volheid van die lewe gestaan, in gemeenskap en maatskappy, en toegewyd en lewensbly daaraan deelgeneem.

Onlosmaaklik verbonde hiermee is die reeds genoemde veelsydigheid van sy nalatenskap. Sy vorming was nie eng en beperk nie, en hy het, geseën met 'n goeie verstand en skerpe waarnemingsvermoë, sy pad deur die lewe geloop. Vandaar dat hy in sy persoonlike werksaamhede, veral in sy geskrifte, so 'n buitengewone verskeidenheid kon toon. Sy beoefening van die verskillende genres van die letterkunde het reeds hiervan bewys gelewer, maar ook op ander maniere word dit bewaarheid. As hy bv. sy sonnewyser opstel, maak hy van sy wiskundige kennis gebruik; as hy gevoelvol 'n groet tot Engela rig, stel hy dit in 'n flinke Latynse stuk; en as die tweetalige vonnis uitgespreek word, laat hy dit ooreenkomstig erkende hofprosedures geskied.

Ons wat in 'n tyd van intensiewe spesialisasie lewe, ons wat met spesialisasie op verskillende terreine wonders verrig het waarvan mense 'n geslag gelede nie sou gedroom het nie, en wat met tevredenheid verklaar dat ons spesialisasie maar pas begin het en nog veel groter hoogtes gaan bereik, - dit is óns wat vandag terselfdertyd vra of ons spesialisasie nie te ver gegaan het nie; wat vra of ons nie besig is om ongebalanseerde mense

te lewer en op die lange duur 'n ondiens aan ons gemeenskap te bewys nie. Met spesialisasie as sodanig is daar vanselfsprekend geen fout te vind nie, en vir vooruitgang is dit inderdaad noodsaaklik, maar ten slotte moet 'n gesonde ewewig van gees bewaar word, en ons moet oppas dat ons in die nastrewe van die goeie nie geestelik verarm nie. Dit staan vas: As Langenhoven oordrewe spesialis geword het, sou hy seer seker nie die verskeidenheid nagelaat het nie wat vandag so kenmerkend van ons erfdeel is.

Die werke van Langenhoven word ook deur 'n groot mate van tydloosheid gekenmerk. Wanneer 'n skrywer reeds lank gelede oorlede is, vra 'n mens jou onwillekeurig altyd af of die inhoud van sy nagelate geskrifte, en die manier waarop hulle geskryf is, ons vandag nog sal interesseer, en dis net natuurlik dat dit ook in verband met Langenhoven gevra sal word. Alles wat hy geskryf het, is wel nie tydloos nie, want omstandighede verander en daarmee saam ook taal en taalgebruik. Maar dis opmerklik dat 'n groot deel van sy werk vandag nog met net soveel genot gelees kan word soos ~~veertig-vyftig~~ vyftig-sestig jaar gelede toe dit geskryf is.

Ongeveer drie jaar gelede het <u>Die Vrolike Vlam</u> verskyn, wat 'n versameling van Langenhoven-werke bevat en saamgestel en ingelei is deur mnr. Jan Scannell (direkteur/sekretaris van die Langenhoven-Gedenkfonds) en prof. Guillaume Brümmer (kleinseun van Langenhoven en tegelyk een van die direkteure van die Fonds) - terloops, albei ook saam met ons hier aanwesig. Voor-in sê hulle o.a.: "Met hierdie versameling wil ons bewys - aan dié wat dit nog nie weet nie - dat dit 'n buitengewone plesier is om Langenhoven te lees." Myns insiens het hulle op uitmuntende

wyse in hul doel geslaag; en persoonlik kan ek sê dat ek die stukke in Die Vrolike Vlam weer met eweveel vreugde gelees soos jare gelede toe hulle die lig gesien het. Die samestellers het vir ons opnuut bewys gelewer van die hoë mate van tydloosheid wat ons by Langenhoven kry.

Nog 'n rede waarom mense die behoefte voel om sy nagedagtenis te bewaar, is geleë in die sedelike peil van sy werke. Hier sluit ek my graag aan by wat in 1973, ter geleentheid van die hoogtepunt van die landwye Langenhoven-gedenkviering, deur die destydse Eerste Minister, mnr. B.J. Vorster, hier op Oudtshoorn gesê is. In die werke van Langenhoven word ons morele standaarde gerespekteer, en geen moeder hoef bang te wees om vir haar seuns of dogters daaruit voor te lees of dit in hul hande te gee nie. In ons tyd, wanneer skrywers dikwels trag om met roof en moord en twyfelagtige morele standaarde trefkrag aan hul werk te gee - sodat die sensor soms oortyd moet werk - is dit goed om te weet dat ons skrywers het wat bolwerke hierteen bied, en met name dat ons Langenhoven, met sy ryke nalatenskap, onder diesulkes kan tel.

Die uitwerking word veral in ons skole gesien. Langenhoven is een van die skrywers wat jare lank veelvuldiglik deur onderwysdepartemente voorgeskryf is, en dus word belangstelling in en kennis van sy werke op sinvolle manier onder jongmense ingedra. Dit het hom reeds lankal 'n betekenisvolle faktor in ons onderwys gemaak; en daarom hoef dit ons nie te verwonder nie dat baie mense, oud en jonk, tot vandag toe dikwels na hom verwys of ook uit sy werke aanhaal.

Die laaste en belangrikste punt in die onderhawige verband is een wat al meermale genoem is en ook hier nie onvermeld gelaat mag word nie, t.w. dat Langenhoven sy mense leer lees het. 'n Mens sê dit natuurlik nie in absolute sin, asof hy die enigste is wat dit gedoen het nie, maar in relatiewe sin: ook ander het hul bydraes gelewer, maar sy bydrae is een van die grootstes, so nie die grootste van almal nie.

In die lig van hierdie feit vind 'n mens dit vreemd dat hy aanvanklik nie 'n voorstander van Afrikaans was nie en hom, soos destyds vry algemeen gebruiklik was, van Nederlands en veral Engels bedien het. In die jare 1908 - 1912 neem hy egter definitief ten gunste van Afrikaans standpunt in. Sy besliste oortuiging kan nie beter uitgedruk word nie as in die bekende woorde wat hy in 1911 gebruik het: "Hoe lank sal ons nog bly hink op twee gedagtes? As Nederlands ons taal is, waarom praat ons hom nie? As Afrikaans ons taal is, waarom skryf ons hom nie?" En toe hy eers in Afrikaans begin skryf, het weldra duisende sy geskrifte reikhalsend afgewag.

Sy werke was so gewild dat daar telkemale herdrukke moes kom, van sommige selfs jaar na jaar. Sy <u>Sonde met die Bure</u> bv., wat in 1921 verskyn het, het in die 20 jaar tot 1941 nie minder as 22 drukke beleef nie; en sy gereëlde Maandag-stukke in <u>Die Burger</u>, onder die hoof "Aan Stille Waters", was waarskynlik die mees gelese rubriek wat daar ooit in 'n Afrikaanse koerant verskyn het. In die betrokke tyd, 1922 - 1932, het 'n mens dikwels Afrikaners vir mekaar hoor sê: "Het jy gesien wat Langenhoven geskryf het?" - en ook het mense, selfs van die uithoeke van ons land, op <u>Die Burger</u> ingeteken "om te lees

wat Langenhoven sê."

Hy het self intense vreugde daarin gevind dat sy geskrifte soveel belangstelling opgewek het, en dat dit die geval was veral by mense op die platteland. Mnr. Scannell en prof. Brümmer haal hom aan waar hy met byna tasbare voldoening oor sy werke sê: "dié is gelees by die tienduisende en nog 'n maal tienduisende. En dit onder 'n merendeels plattelandse bevolking wat tot onlangs toe byna onlesende was omdat hy van onlangs af eers sy eie taal vir algemene doeleindes te lees gekry het." Die kern by Langenhoven was dat mense moes leer om Afrikaans te lees, en hy was opreg dankbaar dat hy hiertoe 'n bydrae kon maak.

Ons het Langenhoven nou weer in die gees voor ons gehad: in sy hoedanighede as skrywer, as regspraktisyn, as politikus, as redenaar, as kultuurmens; en ons het ook gesien waarom sy nagedagtenis nog altyd geëer word: om die omvang en die verskeidenheid van sy nalatenskap, om die relatiewe tydloosheid van sy werke, om die sedelike peil daarvan, om sy bydrae ter bevordering van leeslus onder die mense van Suid-Afrika.

Ons sien voor ons 'n man wat nie held van die slagveld was nie, nie held van die politiek nie, nie held van die ekonomie nie, nie held van die sportveld nie. Maar ons sien 'n man wat bowenal held van die gees was, boumeester van die groot bates van die gees, die bates wat vas bly staan en sierade van wysheid en waarheid in ons lewe bring.

Oudtshoorn ...................

12 Augustus 1982 (H.B. THOM)